**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer : A234/12

In die saak van:-

**SIMON BAFANA MAJOLA** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** C J MUSI, J *et* P W DA ROCHA-BOLTNEY, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 4 FEBRUARIE 2013

---

**UITSPRAAK DEUR:** P W DA ROCHA-BOLTNEY, WND R

---

**GELEWER OP:** 21 FEBRUARIE 2013

---

[1] Die appellant is op 25 Junie 2008 te Sasolburg Streekshof skuldig bevind aan verkragting en was 10 (tien) jaar gevangenisstraf opgelê.

[2] Met verlof van die hof *a quo* beroep die appellant hom nou op appèl teen beide die skuldigbevinding en vonnis.

**AD SKULDIGBEVINDING**

[3] Die klaagster, 'n volwasse vrou, was op die aand van 2 Maart 2007 na 'n taverne met haar vader en ander metgeselle. In die vroeë oggend ure, ongeveer 05h30, die

volgende dag was klaagster deur beskuldigde geroep. Aanvanklik het sy geweier, maar het op aandrang van Mokete, wie ook 'n hofgetuie was, gegaan. Die appellant het haar toe aangerand, na sy woning geneem en verkrag. Later, toe appellant 'n mes by 'n onbekende jong seun wou vra, het sy geleentheid gekry om te vlug en in die proses het haar skoene agtergebly. Klaagster se vader, Jacob Motsamai Modise, staaf die klaagster in dat sy huilend die volgende oggend by sy huis opgedaag het. Verder dat sy sonder skoene was en sou die vorige aand met hom by die taverne was. Die mediese getuienis staaf klaagster se beserings.

[4] Appellant beweer dat hy in 'n liefdesverhouding met klaagster betrokke was. Aldus hom het hulle afgespreek om mekaar buite die taverne te ontmoet en dat hy nooit binne die taverne was nie. Hy erken geslagsgemeenskap met die klaagster, maar beweer dat dit met toestemming geskied het. Aldus hom was klaagster die dag na die voorval, onderwyl hy haar huis toe vergesel het, deur haar man aangerand.

[5] Teboho Steven Moeketsi was deur appellant geroep om namens hom te getuig. Hy getuig dat appellant 'n kennis van hom is; dat hy hom gereeld in die geselskap van 'n dame gesien het. Hy getuig verder dat die dame deur 'n onbekende man met 'n stoel aangerand was. Hy verskil van appellant ten opsigte van of die man 'n mes of 'n dumpie in sy hand gehad het. Hy verskil met appellant ten opsigte hoe gereeld die partye ontmoet het. Die appellant beweer hulle

het mekaar nie so gereeld gesien, terwyl sy verdedigingsgetuie getuig het dat hy hulle gereeld in die week bymekaar gesien het.

[6] Die hof het ook 'n getuie te wete Mzizi Joseph Mokete geroep. Hierdie getuie het bevestig dat hy onder die invloed van alkohol die betrokke aand was. Hy bevestig egter dat klaagster, haar vader, sowel as die appellant, die betrokke aand by die taverne was.

[7] Mev Liebenberg, namens die respondent, voer aan dat die uitspraak bekragtig moet word. Mnr Tshabalala, wie namens die appellant verskyn het, het geargumenteer dat sy weergawe aanvaar behoort te word en dat die hof fouteer het deur te bevind dat die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys het.

[8] Ek is van oordeel dat die verhoorhof die tersaaklike getuienis deeglik oorweeg het en stem saam met die uitspraak uitgebring en wel om die volgende redes:-

- Die klaagster se getuienis word gestaaf deur haar vader en wel om die volgende redes:-
  - (a) Hulle was die vorige aand saam by die taverne;
  - (b) Dat hy haar daar gelos het;
  - (c) Sy het die volgende dag huilend by sy huis opgedaag;
  - (d) Sy was sonder haar skoene.
- Sy het 'n rapport aan haar vader gemaak dat sy verkrag was, dit dui op haar konsekwentheid.

- Die mediese getuienis staaf haar weergawe ten opsigte van haar beserings.
- Alhoewel die hofgetuie dronk was, staaf hy klaagster en haar pa dat die appellant wel die aand by die taverne was.
- Dit is onwaarskynlik, as die hof appellant se weergawe sou aanvaar, dat die klaagster sonder skoene sy plek sou verlaat het.
- Ek is van oordeel dat appellant en sy getuie leuenagtige getuies was en kom hul weergawes op ‘n onlangse versinsel neer.
- Appellant se weergawe kan nie korrek wees nie, want as die hof dit sou aanvaar sou dit beteken dat die klaagster glad nie die aand in die taverne sou gewees het nie.

**AD VONNIS**

[9] Dit is geykte reg dat ‘n Hof van Appèl slegs met die verhoorhof se vonnis sal inmeng indien die Hof van Appèl, van oordeel is dat die verhoorhof op ‘n onbehoorlike of onredelike wyse opgetree het. Sien **S v PIETERS** 1987 (3) SA 717 (A).

[10] Die argument namens die appellant was aangevoer dat hy ‘n eerste oortreder is; werksaam was en sou die potensiaal hê om te rehabiliteer en dat die vonnis skokkend en onvanpas is.

[11] Die respondent voer aan dat die vonnis bekragtig behoort te word.

[12] Die appellant was skuldig bevind aan verkragting. Betrokke oortreding is gelys onder Deel III van Skedule 2 van die Strafregwysigingswet 105 van 1997, soos gewysig. As sulks, indien die hof geen dwingende en substantiewe omstandighede (soos bedoel in artikel 51(3)(a) vind nie, moet die hof die minimum termyn van tien jaar gevangenisstraf vir 'n eerste oortreder oplê.

[13] Ek is van oordeel dat die verhoorhof die aspekte ten opsigte van vonnis in ag geneem het en sien dus geen meriete in die betoog dat die vonnis skokkend en onvanpas is nie.

[14] Ek maak dus die volgende bevel:

Die appèl teen skuldigbevinding en vonnis word van die hand gewys.

**P W DA ROCHA-BOLTNEY, WND R**

Ek stem saam.

**C J MUSI, R**

Namens die appellant: Adv L Tshabalala
In opdrag van:
Bloemfontein Regsentrum
BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens die respondent: | Adv E Liebenberg<br>In opdrag van:<br>Direkteur Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/spieterse